# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

*Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 01594500.*

7 Maart 2013

Dagsê Almal

Weer 'n week vol van genadegawes ontvang uit Sy hand. Dankie vir elkeen vir wie dit op die hart gelê is om 'n bydrae te maak. Ons het Saterdag terdeë geniet saam met Shavathon by die Kolonnade Retail Park. Almal was toegelaat om vir net R10 hare te kleur en ons het so vir mekaar gelag. Sommer lekker terapeuties net 'n dag vol lag. Ons opbrengs was maar min en kan net 'n stukkie lekker lamsvleis koop om saam met die skenking van Maandae se Woollies (2 x lams boudjies) te gebruik vir 'n spesiale ete. Jenny het die dag gemaak toe sy nog boonop haar gesiggie laat verf het om soos 'n nar te lyk. Pootuit was ons darem almal Sondag skoon gewas by die kerk.

Saterdag se saamtrek lê voor en die opgewondenheid is voelbaar want ek help met hare, naels en klere. BAIE BAIE dankie vir die skenking van onderklere en ek wens julle kan die dankbaarheid in die oë sien soos ek dit sien. Alles word baie beskeie en met groot dankbaarheid ontvang.

Rosa het haar bril gekry en sal hopelik nie verder haar vingers raak steek met die spelde nie. Dane sal volgende week syne kry nadat ons nie kon verstaan waar sy rebelsheid vandaan kom nie het Dr. Dawie van die skool af my laat weet hy is vermoedelik disleksies en benodig 'n bril. Sy glimlag en verandering in gesindheid is wonderlik en ook die feit dat hy sy eie kamer het maak ook 'n verskil. Aangesien hulle nou egter ver van die skool af bly sal dit baie "nice" wees as iemand hom dalk kan help met 'n fiets. Dane is 12 jaar oud. Baie dankie by voorbaat.

Ek vra groot asseblief vir 'n geldelike bydrae wat ons in staat gaan stel om al die programme en ook die aanbouings te help finansier. As elkeen net R50 per maand kan bydra gaan dit vir ons baie beteken. Groter inspuitings sal ook baie waardeer word. My werkruimte is BAIE beperk omdat ek nie stoorruimte het nie en die planne is nou by die stadsraad vir goedkeuring asook vir die hersonering wat gedoen moet word. Ons kry R40000 afslag by die stadsraad omdat die projek as 'n gemeenskapsondersteuning gesoneer gaan word. Ons is baie dankbaar daarvoor. Dankie aan elkeen wat betrokke is en hulp verleen.

Kos is 'n daaglikse dringende behoefte en bly steeds op krisisvlak wat betref blikkieskosse – vleis, vis en groente, koffie, tee, boksmelk, suiker, soppoeiers, sojavleis, sout, peper, macaroni, spaghetti, aanmaakkoeldrank, stroop, grondboontjiebotter, Bovril of marmite, konfyt, kookolie, en eiers. Vir die badkamer seep,

handeroom, tandepasta, sjampoo, skeermesse, onderarmrol, spuitgoed en waspoeier of sunlight seep.
Baie baie dankie by voorbaat.
Eljada Huis groete
Annatjie